# Die rol van die Switserse pers tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902

*A.W.G. Raath*
*Navorsingsgenoot*
*Departement van Geskiedenis*
*Universiteit van die Vrystaat*

## Abstract

**The Role of the Swiss Press during the Anglo-Boer War, 1899-1902**

*This essay investigates the position and role of the Swiss press during the Anglo-Boer war, 1899-1901. It is concluded that although the Swiss remained politically and juridically neutral during the Anglo-Boer war, the Swiss press played a meaningful role in the expanding movement in favour of the humanisation of international conflicts and by explicitly propagating a spirit of anti-imperialism.*

## 1. Inleiding

Die Anglo-Boereoorlog was in bepaalde opsigte ŉ waterskeidende gebeurtenis in Switserland. Die positiewe gesindheid van Switserland jeens Brittanje is vervang met ŉ kritiese ingesteldheid wat ŉ duidelike anglofobiese beslag gekry het. Die positivistiese gees wat die internasionale politieke toneel oorheers het, uit hoofde waarvan die opvatting van "mag is reg" gehandhaaf is, is in Switserland toenemend deur ŉ anti-imperialistiese sentiment verdring.[1] Dié ontluikende sentiment wat ŉ eksplisiete begaandheid oor die lotgevalle van burgerlikes weerspieël het, het ŉ opkomende gees van regverdigheid in internasionale aangeleenthede tot gevolg gehad.[2]

1 Raath & Strydom, "The Hague Conventions and the Anglo-Boer War", pp. 150-152.

2 Raath & Strydom, "The Hague Conventions and the Anglo-Boer War", p. 154 e.v.

Die Switserse pers het in belangrike opsigte die voortou geneem in die ontwaking van dié sentiment. Alhoewel Switserland polities en juridies 'n beleid van nie-inmenging in buitelandse aangeleenthede gehandhaaf het, was die Switserse pers ooglopend teen Brittanje se oorlogspoging gekant. Die Switserse pers het 'n toonaangewende rol gespeel om sentimente teen Brittanje op te wek. In dié opsig het die Switserse pers 'n belangrike bydrae gelewer om 'n internasionale regverdigheidsgevoel te stimuleer teenoor die heersende positivistiese inslag van die internasionale regs- en politieke verkeer tydens die 19de eeu.

Vanaf 1899 tot 1902 het nuusberigte en artikels oor die verloop van die Anglo-Boereoorlog en die Bokseropstand in Sjina die buitelandse beriggewing in Switserse nuusblaaie oorheers. Nie alleen het die pers[3] die Switsers deeglik op hoogte gehou van die jongste gebeure in die strydende Boererepublieke nie, maar het dit ook die openbare mening oor Switserse sentimente jeens die oorlog vertolk. Soos 'n bevolking van 'n land nie 'n homogene standpunt het nie, is die openbare mening ook nie konstant en eenduidig nie. Die openbare mening word deur talle sosiale, ekonomiese, juridiese en etiese aspekte bepaal. Gevolglik was die Switserse pers nie eenduidig en homogeen in hul standpunte oor die oorsake van die oorlog en die rol van Brittanje nie.

Die verloop van die oorlog is so saaklik en objektief as moontlik weergegee.[4] Kommentaar op die gebeure was egter meestal subjektief en was pro-Boers of pro-Brits afhangende van die lesers vir wie die beriggewing bedoel was. Die meerderheid media in Switserland het tydens die oorlog die pro-Boeregevoel van hul lesers vertolk en het nie geskroom om standpunt teen Brittanje in te neem nie.

Tydens die oorlog is deeglik kennis geneem van die standpunte in die Switserse pers. Switserse koerantberiggewing is nie slegs gretiglik deur die Switsers gelees nie, maar het ook in sommige kringe in Brittanje en ander Europese lande 'n welkome ontvangs geniet. Volgens Uhl het die hele Switserse pers teen Brittanje gedraai: "Im Burenkrieg nahm die ganze zivilisierte Welt gegen Grossbritannien und für die beiden südafrikanischen Republiken Partei. In der Schweiz ergriff eine flammende Burenbegeisterung, die nur mit dem Philhellenismus zu Beginn des 19. Jahrhunderts verglichen werden kann,

3 Die begrip "pers" word hier tot nuusblaaie en tydskrifte beperk.

4 Die feite was nie altyd in alle opsigte korrek nie, en heelwat onakkuraathede het voorgekom. In sommige gevalle is feite foutief oorgeneem van die Britse pers. So het die *Berner Tagwacht* van 2 Januarie 1901 byvoorbeeld berig dat president Steyn die inval in die Kaapkolonie persoonlik gelei het en onderweg gewond is. Sulke onwaarhede kom meermale voor.

alle Kreise des Volkes."[5] Dit beteken egter nie dat die hele Switserse pers sy rug op Brittanje gekeer het nie. Brittanje het, alhoewel in beperkte mate, in sy vriendekring sommige invloedryke Switserse nuusblaaie gehad. Die Britse regering was nietemin bekommerd oor die uitlatings en invloed van die Switserse koerante. Sprekend van hierdie teleurstelling oor die anti-Britse gesindheid van die Switserse pers was die kantopmerking van koning Eduard VII by ʼn berig van die Britse gesant in Bern aan die Foreign Office, gedateer 19 November 1901: "A sad state of affairs."[6] Hierdie opmerking kan ook van toepassing gemaak word op die Europese pers in die algemeen, wat ʼn sterk anti-Britse neiging geopenbaar het. Minister Francois Bertis teken die volgende opmerking aan by ʼn berig van 14 Februarie 1902 dat "The European Press and especially the Swiss newspapers are against us …"[7] Hierdie opmerking is reeds vroeër – en wel pas na die uitbreek van die oorlog – deur Sir Thomas Sanderson, die permanente onder-sekretaris van die Foreign Office, in ʼn privaat gesprek teenoor Bourcart[8] gemaak.[9] Tydens die gesprek noem Sanderson dat Switserland die enigste Europese land was waar ʼn persstem ten gunste van Brittanje gehoor is.

Daar moet op gelet word dat vanweë die kompleksiteit van die Switserse bevolkingsamestelling en internasionale posisie, ook die Switserse pers ʼn bepaalde kompleksiteit vertoon. Soos ander perslande het die Switserse pers ook die eienskappe van nuuslewering en -kommentariëring; ʼn tendensieuse en ʼn openbare meningsvormende funksie vertoon. Die lesersgehoor van die Switserse koerante en tydskrifte het ʼn eie identiteit gehad waarmee rekening gehou moet word, naamlik ʼn eie taal, oortuiging, geloof en kultuur wat met die aard en inslag van bepaalde koerante verband hou. Om derhalwe die invloed, rol en effek van die Switserse pers te verstaan, is dit nodig om die soeklig ʼn wyle op die pers[10] en daarna op die verskeidenheid leserstrominge in die land te fokus.

5 Uhl, *Die diplomatisch-politischen Beziehung zwischen Grossbritannien und der Schweiz*, p. 77.

6 Kyk Bonjour, *Geschichte der Schweizerischen Neutralität*, bd. II, p. 85 vn. 8.

7 Bonjour, *Geschichte der Schweizerischen Neutralität*, dl. II, p. 85.

8 Switserse gesant in Brittanje.

9 *Burenkrieg*, 2001:283, brief: Bourcart – le Président (2.11.1899).

10 Die standaardwerk in dié verband is Dovifat, E. (Red.), *Handbuch der Auslandpresse* (Bonn, Athenäum-Verlag, 1960).

## 2. Die Switserse pers in historiese konteks

Switserland is een van die oudste perslande in die wêreld. Waarskynlik die derde oudste koerant in Europa is in 1610 in Basel gedruk, terwyl die oudste tydskrif op die Europese vasteland, die Switserse tydskrif *Bibliothéque Universelle*, die eerste keer in 1796 in Genève verskyn het.[11] Dit was ŉ tydskrif met ŉ internasionale politieke inslag waarvan die uitgangspunt was om die Britse beleid deur dik en dun te regverdig en te verdedig, soos die oorspronklike naam, *Bibliotheque Brittannique*, ook aandui. Hierdie blad, saam met die Franse blad *Siécle*, was die kampvegters vir die Britse saak op die Europese kontinent.[12]

In die Switserse joernalistiek was daar reeds vanaf ŉ vroeë stadium ŉ sterk politieke inslag waarneembaar. Indien koerante nie sterk politieke standpunt ingeneem het nie, is dit wel deur vlugskrifte en ander media gedoen. Ook die godsdiensstryd in Switserland figureer sterk in die perswese. Dit begin in 1634-1635 toe die Calvinistiese blad, *Mercure Swisse*, in Genève, die Katolieke *Mercure d' Etat*, beveg het. Die politieke aggressie van hierdie en ander koerante is egter beteuel deur ŉ streng kantonnale sensuur wat tot 1789 gegeld het. Ingevolge hiervan kon joernaliste lyfstraf, gevangenisstraf of selfs die doodstraf opgelê word indien hulle sou waag om kritiek op die kerklike of kantonnale owerheid uit te oefen.

Die koerantwese van die agtiende eeu was, soos in die res van Europa met die uitsondering van Holland en Brittanje, ingestel op nuuswaardige gebeure. In 1789, gedurende die tydperk van die Helvetiese Republiek (1789-1803) het die perswese ŉ koersaanpassing gemaak. Die vryheid van die pers is gewaarborg as die reg wat die pers het om te onderrig. Hierdie siening was daarvoor verantwoordelik dat die karakter van die koerante verander het: die kliniese beriggewing het spoedig verander, kommentaar is gelewer en politieke menings in koerante was aan die orde van die dag.

Die nuutgevonde persvryheid en die sterk aktiewe politieke meelewing van die volk is gedurende die Napoleontiese tydperk, 1803 tot ongeveer 1830, asook die tyd van die Heilige Alliansie, aan bande gelê. Die jaar 1830 het ŉ opbloei van die Switserse perswese ingelui. Die hoogtepunt van hierdie ontwaking was die 1848-grondwet waarin persvryheid aanvaar en as ŉ regsbeginsel neergelê is.[13]

11 In 1866 is die hoofkantoor na Lausanne verskuif. Vgl. die vlugskrif van Tallichet & St. John., *Europe and the Transvaal War*.

12 Tallichet & St. John, *Europe and the Transvaal War.*

13 Kyk Bundesverfassung, artikel 45. Persvryheid is ook in die grondwette van 1874 en 1942 gewaarborg

Hiermee het die moderne ontwikkeling van die Switserse pers ŉ aanvang geneem. In 1827 was daar slegs 33 koerante en in 1857 180 koerante.[14] Dit is opmerklik dat kantons, klein stede en afgeslote valleie hul eie koerante gehad het wat in die leefwêreld van hulle lesers ŉ prominente plek verower het omdat hulle die demokratiese siening van hul lesers gedeel het. Die kwaliteit van die klein koerante het gestyg namate belangrike regeringsinstellings ŉ sterk ontwikkelingsperspektief in die openbare lewe gehandhaaf het: "Die Impulse der Entwicklung wuchsen vor allem aus der Eigenart der politischen Einrichtungen in der schweizerischen Demokratie", aldus Karl Weber.[15]

Die demokratiese sentiment in Switserland het reeds in die tweede helfte van die negentiende eeu ŉ hele reeks koerante, waarvan die invloed ver buite die grense van Switserland gestrek het, tot gevolg gehad. Hierdie koerante het deur hul saaklike beriggewing en weldeurdagte kommentaar internasionale aansien verwerf. In dié verband kan verwys word na die *Neue Zürcher Zeitung* wat in 1780 gestig is. Die koerant se tradisie en oortuiging was van so ŉ aard dat dit na aan die Vrysinnig-demokratiese Party te staan gekom het, maar in die redaksionele politieke kommentaar nogtans onafhanklik gebly het. Die vernaamste doel van die blad, gesteun deur sy omvattende kontinentale korrespondensie, was om die daaglikse belangwekkende gebeurtenisse deur flinke en omvattende beriggewing aan sy lesers oor te dra.

Belangrike koerante in die Duitse taalgebied, wat telkens die aandag getrek en groot invloed uitgeoefen het, was benewens die liberaal-konserwatiewe Basler Nachrichten (herstig in 1845)[16] ook die vrysinnig-demokratiese National-Zeitung (gestig in 1842) in Basel. Voorts was daar die liberaal-onafhanklike Bernse dagblad *Der Bund* (gestig 1880). In Lucern was die twee belangrikste en invloedrykste koerante die *Luzerner Tages-Anzeiger* (gestig 1897)[17], ŉ onafhanklike koerant, en die konserwatief-Christelik-sosiale *Vaterland* (gestig 1833)[18].

14 Dovifat, *Handbuch der Auslandpresse*, p. 229.

15 Weber, *Profil der Schweizer Presse*, p. 16. Weber was 'n hoogleraar, uitgewer en kommunikasie-deskundige.

16 Opgerig as 'n algemene inligtingsblad; smelt in 1902 saam met die *Algemeine Schweizer Zeutung.*

17 Later bekend as die *Luzerner Neueste Nachrichten und Zentral-schweizerisches Handelsblatt*.

18 Oorspronklike naam *Luzerner Zeitung*.

In die Franssprekende gebied het veral die Katolieke koerant, *La Liberté* (gestig 1871) in Fribourg[19], die liberale en protestantse *Journal De Genève* (gestig 1826) en die liberaal-demokratiese *Gazette de Lausanne* (gestig 1778) groot invloed uitgeoefen.[20]

Alhoewel die groter en meer prominente koerante se invloed onbetwisbaar was, moet die rol van die kleiner koerante nie buite rekening gelaat word nie. Hierdie dorps- of streekkoerante het die gesindheid van die mense vir wie dit bedoel was duidelik weerspieël en het terselfdertyd groot invloed op hul lesers uitgeoefen. Die openbare meningsvormers was egter in die stede gelokaliseer en het ŉ groter mate van kontak met die buitewêreld, deur middel van toerisme, handel en nywerhede, gehandhaaf.

Teen die einde van die 19de eeu was daar nog geen perswetgewing in Switserland nie. Die doel van die pers is implisiet in die reeds genoemde artikels van die 1848 en 1874- grondwette beliggaam, terwyl ongekodifiseerde bepalings wel in ŉ reeks siviele en kriminele wette op nasionale en kantonnale vlak voorkom. Hierdie wette is gebaseer op die gewaarborgde persvryheid vervat in die grondwet. Maatreëls teen die misbruik van hierdie vryheid en oortreding van die persvryheid is neergelê wat aansluit by die sedes en gewoontes van die spesifieke gebied. Artikel 55 van Grondwet van 1874 lui soos volg: "Die Pressfreiheit ist gewährleistet. Über den Missbrauch derselben trifft die Kantonalgesetzgebung die erforderlichen Bestimmungen, welche jedoch der Genehmigung des Bundesrates bedürfen. Dem Bunde steht das Recht zu, Strafbestimmungen gegen den Missbrauch der Presse zu erlassen, der gegen die Eidgenossenschaft und ihre Behördung gerichtet ist."[21]

Reeds op ŉ vroeë stadium het ŉ sterk bewussyn van die belang van beroepsetiek in die Switserse pers geheers. In 1883 is die *Verein der Schweizer Presse-Association de la Presse Suisse* (oftewel die V.S.P.) in Bern gestig. Tot hierdie vereniging het behoort vooraanstaande redakteurs en joernaliste. Die doel van die vereniging was die handhawing van persvryheid, die onafhanklikheid en die waardigheid van die Switserse pers. Dit het die belange van die persberoep verteenwoordig sonder onderskeid tussen politieke oortuigings of rigtings en het daarna gestreef om onderlinge verhoudinge te bevorder.

19 Katoliek; orgaan van die Konserwatief-Christelik-Sosiale Party.

20 Die koerante in die Italiaanse en Romaanse taalgebied was van onbeduidende omvang en het meestal geen eksplisiete politieke standpunt ingeneem nie.

21 Met die inwerkingtrede van die Switserse Strafwetboek op 1.12.1942, het pare. 2 en 3 van art. 55 weggeval, maar is ŉ omskrywing van die inhoud van hierdie pare. in art. 27 van die Strafwetboek opgeneem. Kyk *Der Schweizerische Strafgesetzbuch*, van 1.12.1942.

In 1899 het die verskillende uitgewers hulle in ŉ persvereniging georganiseer, naamlik die *Schweizerischen Zeitungsverlegerverband* (of S.Z.V.). Dié organisasie het onder andere die norme van die advertensiewese bepaal. Die genoemde twee organisasies was daarvoor verantwoordelik dat die Switserse pers ŉ hoë standaard van beriggewing gehandhaaf het en daardeur die agting van die Europese perswese verwerf het.[22] Aangesien elke koerant sy voorkeure en oortuigings gehandhaaf het – ŉ feit waarvoor die V.S.P. onder andere in sy doelstellings voorsiening gemaak het – het daar tydens die Anglo-Boereoorlog twee duidelike strominge, naamlik die pro-Boere en pro-Engelse oortuigings, in die perswese na vore getree.

## 3. Switserse persstandpunte op die vooraand van en tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902

### *3.1 Die pro-Boerestandpunt in die Switserse pers*

#### *3.1.1 Die Switserse pers en die aanloop tot die oorlog*

Die Transvaalse ultimatum van 9 Oktober 1899 aan Brittanje is elders in die wêreld as ŉ oorlogverklaring van die Boere gesien. In die gebiede van sentraal-Switserland is die Boere egter nie as die aggressors voorgehou nie. Tewens, die Boere is geensins in die Switserse pers – uitgesonder die pro-Engelse koerante – in die rol van aggressors voorgestel nie.

Die politieke gebeure in die aanloop tot die ultimatum was aan die Switsers goed bekend.[23] Die wyse waarop president Kruger tot op ŉ punt aan die Engelse eise toegegee het, het in die sentrale gebied die mening laat ontstaan dat Brittanje op ŉ oorlog afstuur en dat Transvaal met sy toegewings poog om die oorlog te voorkom. Die *Vaterland* berig op 13 Oktober 1899 dat Brittanje die ultimatum as ŉ oorlogverklaring beskou. Die Boererepublieke is as die lammetjie voorgestel wat die water van die wolf vertroebel het. Die verwysing na en die vergelyking met die fabel van die Griek Hesopus was duidelik: Brittanje se imperialistiese uitbreidingsdrang teen die einde van die 19de eeu is vergelyk met die optrede van die vraatsugtige wolf, terwyl die Boere voorgehou is as die sagte, onskuldige lammetjie. Dié koerant

22 Kyk Bürgin, *Statistische Untersuchungen über das schweizerische Zeitungswesen*, 1896-1930.

23 Switserland was egter in ŉ dilemma vanweë bestaande verdrae met Brittanje, die oorheersende Britse posisie in die internasionale wêreld en die feit dat Switserland ook verdrae met die Boererepublieke gehad het (kyk Raath, “Internasionaalregtelike perspektiewe op Switserland se betrekkinge met Brittanje, die Z.A.R. en die O.V.S. in die Aanloop tot die Anglo-Boereoorlog: ŉ Politieke Dilemma”, *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, pp. 57-84).

spreek ook ŉ skerp oordeel oor Britse imperialisme uit en sluit af met die gerusstelling dat niemand hom meer deur die Engelse wolf laat verneuk nie, omdat die pers die dade van Brittanje aan die kaak stel.

Die siening oor wie die ware aggressor in die aanloop tot die oorlog was, hang nóú saam met die beoordeling van die krysgronde van die betrokke partye. Die pers in die sentrale gebiede van Switserland het tussen die werklike en skynredes van Britse aggressie onderskei. Die meeste koerante het deur die bank regverdiging vir die ultimatum gevind in die feit dat die Republieke die goud- en diamantvelde moes beskerm. Dié koerante was dit ook eens dat die Boere hulle identiteit regverdiglik deur die ultimatum wou behou, aangesien fortuinsoekers – veral Britse onderdane – in groot getalle na die Republieke gestroom het: "Dadurch bot sich England … ein Scheingrund, um über Transvaal eine Art Aberaupsicht zu beanspruchen."[24] Die uitlanderkwessie is gevolglik deur hierdie koerant as ŉ skynrede vir Britse oorheersing afgemaak en daarmee was die belangrike vraag van die uitlanders sover dit dié koerant betref, afgehandel.

Die vyf prominente koerante van sentraal-Switserland se vingerwysing na Brittanje as die aggressor het berus op drie gronde waaroor die koerante onafhanklik van mekaar konsensus gehad het: Transvaal het probeer om die Britse eise sover menslik moontlik tegemoet te kom; Brittanje het in die loop van die onderhandelinge met die Z.A.R. van standpunt verander en die uitlanderkwessie as ŉ rookskerm gebruik vir oorlog; dat Brittanje die vraag van susereiniteit ook as sekondêr beskou het en die begrip gesien het soos dit die Britse regering gepas het, aangesien die begrip volkeregtelik nie duidelik omlyn was nie.

Die redes wat Brittanje aan die wêreld voorgehou het as synde oorsake van die oorlog, was vir hierdie koerante nie aanvaarbaar nie. Hulle was eenstemmig dat Brittanje net ter wille van die goud van Transvaal oorlog wou maak. Die *Schwyzer Zeitung* verklaar dat die Britte geen belang by Transvaal gehad het toe die land se rykdom in sy landbouprodukte gelê het nie, maar "der blendende Schein des neuentdeckten riefen Goldes liess ihnen keine Ruhe."[25] Die uitspraak van die *Vaterland* was dat dit juis die geldbaronne is wat op die agtergrond die oorlogstoneel oorheers: "Mit ihrer eigenen Haut müssen sie ja nicht in die Gerbe nach den reichen Goldquellen

24 *Midwaldner Volksblatt*, nr. 39 (30.9.1899). In dieselfde, maar uitvoeriger trant, skryf die *Schwyzer Zeitung*, nr. 80 (7.10.1899): "Es zeigte sih, dass das Eintreden Grossbritaniens für die angeblich verletzten Interessen der Uitlander nur ein Vorwand war, um die Republik der Buren in eine britische Kolonie nach dem muster der Kapkolonie zu verwandeln."

25 *Schweizer Zeitung*, nr. 80 (7.10.1899).

in Südafrika sind sie … aber begreiflich sehr lüsterz."[26] Die uitgesproke *Mitwaldner Volksblatt* was ook oortuig daarvan dat die Z.A.R. se goud die werklike oorsaak van die oorlog was want Engeland meen "es gehöre alles Gold der Welt".[27]

In die liberale pers is egter geen woord van imperialisme en koloniale politiek gerep nie, maar die oorsake van die oorlog is binne die raamwerk van die politieke oorwegings van die grootmoondhede gesoek. Die politiek van die grootmoondhede was vir die demokraties-georiënteerde sentrale Switserland totaal vreemd en was dit sake wat die streek, wat hoofsaaklik uit boere bestaan, nie aangegaan het nie. Vir hulle was die feit dat die Afrikaner-boere se grond as gevolg van die oorlog in die hande van nie-Boere kon kom, belangriker as die staatkundige begrippe van imperialisme en kolonialisme en die internasionaal-politiese betekenis en implikasies daarvan. Die koerante in dié streek was daarom belangrike instrumente waardeur die Switserse boere tot die Afrikaner-boeregemeenskap gespreek het. Die posisie van die *Vaterland* was in dié opsig ietwat anders omdat sy lesers dorpenaars was. Die klem het by hierdie koerant nie op die kommunikasie van boerehart tot boerehart geval nie. Vir die stadsmense was geld belangriker as grond. Die klem het gevolglik van grondbesit na die besit van geld verskuif. Om dié rede is Brittanje se goudgierigheid op die voorgrond gestoot. In hierdie verband het die geldbaronne met die oog op die goudreserwes van Transvaal onder skoot gekom. Dié kritiek was dus net teen 'n bepaalde Britse segment en nie teen die Britse volk as geheel nie. Deur hierdie houding het die *Vaterland* aansluiting gevind by die liberale pers wat die skeiding in die Britse volk nog sterker beklemtoon het.

In die berigte van die genoemde koerante is die Jameson-inval met die werklike oorsake van die oorlog in verband gestel. Die sentiment in die sentrale deel van Switserland was dat die Z.A.R. 'n onafhanklike staat was en as sodanig erken is. Die aanspraak van Brittanje dat hy deur middel van die susereiniteitsreg 'n inspraak op Transvaalse belange het, was dus in dié kringe in Switserland onaanvaarbaar. Die Londense Konvensie van 27 Februarie 1884 het tot gevolg gehad dat die woord "susereiniteit" geskrap is: "Daraus folgern die Boeren mit Recht, dass Engeland in ihre ineren Angelegenheiten sich nicht zu mischen habe."[28] Dié koerante het voorts op die reg van Transvaal gewys, soos onder andere in bogemelde aanhaling aangedui word. Die vraag of die Transvaal se reg geskend is,

26 *Das Vaterland*, nr. 234 (12.10.1899).

27 *Mitwaldner Volksblatt*, nr. 39 (30.9.1899).

28 *Das Vaterland*, nr. 228 (8.10.1899).

is op morele gronde beantwoord – dit was vir Brittanje moreel verkeerd om oorlog met Transvaal te soek en daarom was die Z.A.R. verplig om sy vryheid en onafhanklikheid te verdedig. Die *Midwaldner Volksblatt* verwys in dié verband na die Boere se "heilige reg" om die wapen op te neem.[29]

Die eis van die uitlanders in Transvaal om stemreg – 'n aanspraak wat op juridiese gronde geregverdig kon word – het geen simpatie van die sentrale Switserse pers ontvang nie. Dié pers was tewens baie sterk gekant teen die uitlanders se aanspraak op gelykberegtiging en het eerder aanklank by die standpunte van Transvaal gevind. Die redes hiervoor moet tot 'n groot mate in die geskiedenis van sentraal-Switserland gesoek word. Die inwoners van hierdie streek was boere in hart en niere en het alles wat aan hulle lewenswyse vreemd is, gewantrou. Die ontwikkeling van Luzern het arbeiders na die industrieë gebring – dus nie-boere. Die boerebevolking het nie dié grondlose element, wat van ander streke afkomstig was, vertrou nie. Tradisioneel was slegs die boere stemgeregtig en verkiesbaar, terwyl die grondlose "immigrante" nie belastingpligtig was en geen politieke regte gehad het nie.

Die wekroep van die Franse Revolusie, naamlik "vryheid, gelykheid en broederskap" het 'n gestadigde verandering in die politieke tradisie van Switserland tot gevolg gehad, behalwe in die sentrale gedeelte waar Napoleon se soldate met sterk weerstand te make gekry het.[30] Dit is gedoen ter wille van die behoud van vryheid en hul tradisies.

Die stryd van die Transvalers het die Switsers dus sterk aan hul eie geskiedenis herinner en kon hulle president Kruger se politieke standpunte begryp en waardeer – die uitlanders was nie boere nie en as sodanig het die Transvaal die reg gehad om hulle stem- en kiesreg te weier. Die *Midwaldner Volksblatt* het die situasie soos volg opgesom: "Das ist vernünftig ... und wenn der mann – Oom Kronje heisst er – zu uns kommen will, so geb' ich ihm die Stimme zu Ratsherrn"[31] – dit wil sê 'n lid van die Boerevolksraad sou hom hier met gemak in die politiek van sentraal-Switserland kon uitleef.

Die sentraal-Switserse pers het spontaan met die Boere geïdentifiseer. President Kruger is voorgehou as die prototipe van die Boere[32] –'n eenvoudige en reguit mens[33], terwyl die uitlanders gesien is as ontwortelde stadsmense

29 Midwaldner Volksblatt, nr. 39 (30.9.1899).

30 Die gevegte van die Switsers by Rothenthurn en Biberegg van 2 & 3.5.1798 en die geveg van Midwaldner op 9.9.1798 is hier ter sprake.

31 *Mitwaldner Volksblatt* , nr. 39 (30.9.1899).

32 *Mitwaldner Volksblatt* , nr. 39 (30.9.1899).

33 Kyk *Vaterland*, nr. 228 (8.10.1899).

wat oral tuis is waar daar geld te make is.[34] Die geesverwantskap wat die sentrale Switserland met die Boere gehad het, verklaar die spontane reaksie van die Switserse pers ten gunste van die Boere. Tog het die *Midwaldner Volksblatt* sy lesers daarop gewys dat ofskoon daar duidelike historiese parallelle met die Transvaalse Boere bestaan, die volk nie die oorlog met die hart moet beoordeel nie, maar met die verstand.[35]

Ook koerante in ander streke het die Boeresaak deur die oë van die geskiedenis beoordeel. Die vraag of die Boere die aggressor was al dan nie, is bepaal deur die historiese parallelle met Transvaal. Omdat bykans die hele Switserse bevolking ook ʼn hoë premie op hul vryheid plaas, is die Boere oorwegend nie as aggressor gesien nie. Hoe meer parallelle daar tussen die betrokke streek- en die Transvaalse geskiedenis bestaan het, hoe groter was die simpatie wat deur die pers met vurige pro-Boere koerantartikels aangewakker is. Die simpatie van die konserwatiewe Katolieke pers van die sentrale Switserse gebiede was dwarsdeur die oorlog pro-Boer. Deurgaans is oorlogsverwante kwessies deur die bril van die Boere beoordeel en standpunt ingeneem teen – volgens hul mening – die onnodige bloedvergieting en die haat waarmee die stryd teen die Boere gevoer is.

Alhoewel die sentrale Switserse pers oorwegend geesgenote van die Boere was en die Boeresaak na- en goedgepraat het, het die liberale pers wat die res van Switserland verteenwoordig het, gepoog om nie met die hart, maar met die verstand te oordeel. Die simpatie van die liberale pers is derhalwe meer ingewikkeld en abstrak en spruit nie uit emosionele sentiment soos dié van die sentrale Switserse pers nie. Dit is opvallend dat die liberale pers ʼn verskeidenheid van artikels en berigte oor die oorlog geplaas het: reisbeskrywinge oor die Boererepublieke; die geografie van die streek; die klimaat en geskiedenis; oorlogsberigte van militêre korrespondente; inligting oor Rooikruismissies; toestande in die militêre hospitale en kampe; briewe van dokters; skrywes van Switsers wat in Transvaal woonagtig was; korrespondensie van soldate met hulle vriende en/of familie; berigte oor die oorlogstoneel en soeke na vrede; berigte oor die stemming te velde en in Londen – kortom, oor alles wat in die behoefte van die lesers voorsien het met betrekking tot die oorlog, feitelike mededeling om ʼn mening te vorm of om lesers se nuuskierigheid te bevredig en sensasielus te stil. Die liberale pers se berigte was gerig op die intellek en nie op die gevoel – soos wat dit by die sentrale Switserse pers die geval was – nie.

34 *Ebenda*, nr. 39 (30.9.1899).

35 *Midwaldner Volksblatt*, nr. 44 (4.9.1899).

Ofskoon die liberale pers eensgesind was in die aard en inslag van hul beriggewing, was hulle nie eensgesind in die redes daarvoor nie. ŉ Duidelike aksentverskuiwing was waarneembaar. Dit was nie hier die onbestrede aspekte wat die grootste ruimte in beslag geneem het nie, maar juis die dinge waaroor verskil is. Waar die sentraal-Switserse pers oorwegend min na die Britte verwys het, het die liberale pers heelwat oor die Britse belange en oor die dinge wat Switser en Boer verskillend van mekaar gemaak het, te sê gehad.

Die liberale pers het die redes vir die oorlog – soos die konserwatiewe Katolieke pers – gesien in terme van die liefde vir die vryheid en politieke selfbeskikking van die Boere. Enkele nuwe gesigspunte is aangeraak, byvoorbeeld dat die stigting van Rhodesië nie ŉ finansiële sukses was nie en dat die Z.A.R. se goudvelde ingepalm moes word om die knoop deur te hak[36], asook president Kruger se dinamietmonoploie.[37] Die *St. Galler Tagblatt*[38] het byvoorbeeld verskille tussen Transvaal en Brittanje as die enigste rede vir die oorlog beskou, terwyl ander koerante van die liberale pers ook die volgende redes aangevoer het: die belangstellingspolitiek van finansiële groepe in samewerking met die kragte van die Engelse imperialisme, terwyl Rhodes as die belangrikste van die finansiële groepe deur die *Neue Zürcher Zeitung*[39], die *Basler Nachricten*[40] en die invloedryke Bernse *Der Bund*[41] uitgesonder is. Die meer pro-Britse *Anzeiger für das Limmatthal* het die verband tussen mynmagnate en imperialistiese motiewe vermy en opgemerk dat die neerlaag by Majuba in 1881, die mislukte Jameson-inval van 1896 en die wil om die goud te besit belangrike faktore was, maar dat die belangrikste rede was "dass die Transvaal Republik der englischen Expansionspolitik in Wege steht".[42]

36 Kyk *Neue Zürcher Zeitung*, nr. 256 (1899).

37 *Basler Nachrichten*, nr. 271 (1899).

38 ŉ Vrysinnig-demokratiese blad. Hierdie koerant wat die eerste keer in 1838 verskyn het, was die enigste dagblad van die stad St. Gallen asook van die kantonne St. Gallen, Appenzell en Thurgau. Kyk Dovifat, *Handbuch der Auslandpresse*, p. 240.

39 *Neue Zürcher Zeitung*, nr. 256 (1899).

40 Hierdie koerant wat op 1.4.1845 vir die eerste maal verskyn het as *Basler Nachrichten aus der Schweiz und für die Schweiz mit Finanz- und Handelsblatt* was ŉ koerant wat deur die intelegensia van die stad Basel gelees is, en was ŉ gesaghebbende bron op handelsgebied. Sedert 1.8.1856 verskyn dit onder die titel *Basler Nachricten*, maar bly steeds hoofsaaklik ŉ gesaghebbende bron oor die handel. Sien Dovifat *Handbuch der Auslandpresse*, p. 238.

41 *Der Bund* was nie alleen tot die kanton Bern beperk nie, maar is wyd in Switserland gelees. Die koerant verskyn die eerste maal op 1.10.1850. Kyk Dovifat, op cit., p. 239.

42 *Anzeiger für das Limmatthal*, nr. 118 (1899).

Voorts is die rassevraag ook bygesleep. *Der Bund* het gemeen dat die oorlog "ein Kampf um die Volkherschaft zwisschen der niederdeutschen und der angelsächsichen Rasse in Südafrika"[43] is, terwyl die *Neue Zürcher Zeitung* geskryf het dat die Hollandse element in Suid-Afrika hulle voorgeneem het om nooit onder Engelse heerskappy te staan nie: "Und da diese Hoffnung die Kraft wesentlich aus den Dasein jener Republiken schöpft, oder doch sich daran heftet, so war schon aus diesen Grunde die Selbständigkeit der letzteren zu brechen."[44]

Die oorsake wat die Switserse liberale pers vir die uitbreek van die oorlog aantoon was die stimulus vir die Engelse om die goudvelde te besit; die goud- en diamantmonopolie as belangstellingsveld van 'n groep geldbaronne; Britse imperialisme en spanning tussen die Engelse en vaderlandse (Germaanse) rasse.

Die susereiniteitsvraag en die reg van die Z.A.R. in hierdie verband het besondere aandag van die liberale pers gekry. Die Engelse inmenging in die interne sake van Transvaal het by die sentrale koerante 'n spontane meegevoel met die Boere laat ontstaan, terwyl die liberale koerante die saak nugter en op juridiese gronde oorweeg het. Dit was veral die *Neue Zürcher Zeitung* wat die soewereiniteitsvraag breedweg in 'n artikel onder die opskrif: "Die Suzeränität Englands über die südafrikanische Republik" bespreek het.[45] Dié koerant kom tot die gevolgtrekking dat dit nie die susereiniteit maar die soewereiniteit oor Transvaal was, wat Brittanje verlang het. Ander liberale koerante het nie die saak so breedvoerig bespreek nie, maar het die siening van die Z.A.R. gedeel.[46] Die koerante was dit ook eens in hulle oordeel dat Engeland die aggressor was. So praat die *Basler Nachrichten* van "brutaler Vergenwaltigung"[47], terwyl die *St. Galler Tagblatt* besluit: "Auf Grossbrittanien fällt die moralische Verantwortung für die kommenden Kriegschrecken."[48] Ofskoon die liberale pers Engeland uitgewys het as die aggressor, het hulle nie daarmee die Britse volk as sodanig bedoel nie. Hierdie koerante het Brittanje gesien as die tuiste van 'n kultuurvolk vir wie hulle groot agting gehad het. Toe daar gedurende die oorlog heelwat stemme uit Brittanje teen die oorlog gehoor is, het hulle agting vir die Britte verder gestyg omdat die

43 *Der Bund*, nr. 7 (1900).

44 *Neue Zürcher Zeitung*, nr. 336 (Bylaag 1899).

45 Kyk Neue Zürcher Zeitung, nr. 264 (oggenduitgawe (1899)).

46 Vgl. *Der Bund*, nr. 263/11 (1899) en *Basler Nachrichten*, nr. 269 (1899).

47 *Basler Nachrichten*, nr. 269 (1899).

48 *St. Galler Tagblatt*, nr. 240:11 (1899).

gemelde protes die teken was dat dié volk nog morele waardes gehad het.[49] Die Britse regering en die geldwolwe is as die aggressors uitgemaak.

Alhoewel die liberale pers in duidelike teenstelling met die pers in sentraal-Switserland dit nie met president Kruger se politiek eens was nie, het hulle tog hoë agting vir die Boere as volk gehad.

Die mislukte Jameson-inval in Transvaal het aanvanklik ŉ vloedgolf van sterk anti-Britse sentimente in die Switserse pers tot gevolg gehad. Daarna het die Switserse pers ŉ meer gematigde toon jeens Brittanje ingeneem. Die toenemende spanning tussen Transvaal en Brittanje op die vooraand van die Anglo-Boereoorlog het egter toenemende anti-Britse standpunte in die Switserse pers opgewek. Veral sommige Switserse koerante – by name die *Neue Zürcher Zeitung*, *Journal de Genève*, *Gazette de Lausanne*, *Zürcher Post* en die *Basler Nachrichten* – is fyn deur die opeenvolgende Britse gesante in Switserland gemonitor. Die verskerpende krisis tussen Transvaal en Brittanje het ŉ merkbare toename in anti-Britse artikels tot gevolg gehad.[50] Die anglofobiese gesindheid van die Switserse pers was vir die Britse regering ŉ bron van kommer. Die Britse gesant, St. John, het bykans daagliks oor die houding van die Switserse pers en die gesindheid van die Switserse bevolking gerapporteer.[51] In die berigte van St. John en sy opvolger, Greene, het veral die anglofobiese berigte van die *Neue Zürcher Zeitung* sterk gefigureer.

### *3.1.2 Die Switserse pers tydens die oorlog*

Vir die duur van die oorlog sou die Switserse persstandpunt oorwegend negatief teenoor Brittanje staan. Die afsterwe van koningin Victoria het, volgens St. John, ŉ klein positiewe wending tot gevolg gehad.[52] Die Switserse koerante het veral die Britse koloniale politiek aangeval en oor die verloop van die oorlog in Suid-Afrika berig. Vergrype van die Britse leër, toestande in die Boerelaers en diskrediterende artikels oor Britse troepe het prominensie geniet. Britse militêre en politieke leiers het veral onder die pen van Switserse koerantredakteurs deurgeloop. In die *Journal de Genève* is Chamberlain byvoorbeeld as ŉ gehate persoon uitgewys: "... celui qui mène

49 Vgl. *Neue Zürcher Zeitung*, nr. 28 (1900).

50 Kyk F.O. 192/150, nr. 36 (12.4.1899).

51 Vgl. F.O. 2, bde 23, 373, 374, 375, 511, 512, 642, 680, 688.

52 Die gedenkdiens te Bern is deur ongeveer 4 000 simpatiseerders bygewoon. St. John rapporteer: "It is the universal opinion here that never before was so delightful and dignified a service held in the cathedral pf Berne as that of Saturday last in loving memory of Queen Victoria" (F.O. 192/157, nr. 9 (6.2.1901). Vgl. ook F.O. 192/157, nr. 4 (24.1.1901); F.O. 192/158, nr. 5 (25.1.1901); F.O. 2/511, nr. 10 (17.2.1901).

la barque c'est un parvenu de la polititique. Il s'appelle Joseph Chamberlain et il est bien l'homme le plus universellement détesté qu'il y ait en Europe".[53] Gevolglik was die Switserse pers by die Britse gesante in diskrediet. Greene berig by geleentheid in sterk taal oor Switserse koerantredakteurs: "When I tell Your Lordship that there are no fewer than seven hundred newspapers and periodicals circulating in this little country, it is easy to see what mischief may be wrought by this indiscriminate dissemination of falsehood among the ignorant population of the rural districts. These newspapers, many of which are merely of local importance, are edited or 'run' by any literary hack who can hold a pen, from broken down parsons to slicitors clerks, and are naturally only too ready to print *tales quales* any articles which may have been sent to them, no matter whether they be founded on fact or falsehood."[54] St. John het geïmpliseer dat die Switserse koerantredakteurs met buitelandse fondse ondersteun word en daarop gesinspeel dat pro-Boere standpunte deur president Kruger gefinansier word: "... not altogether unconscious of the manner in which President Kruger disposes of the vast sums of secret service money placed at his command."[55] Vervolgens versoek St. John dat die vreemde invloede wat op die Switserse pers inwerk nagegaan moes word. Voorts skryf St. John dat die *Neue Zürcher Zeitung* vanuit Duitsland befondsing ontvang en derhalwe onder morele dwang staan om artikels vanuit Berlyn te publiseer. Sulke artikels word dan weer in Duitse dagblaaie as sogenaamde neutrale menings aangehaal.[56]

Voorts het die Britse gesant, Greene, beweer dat volgens sy inligtingsbron, Angst, 'n *Bureau de Direction* van Boerekant in München geopen is wat anti-Britse berigte en artikels gefinansier en aan Switserse redakteurs beskikbaar gestel het. Greene het op grond van hierdie inligting tot die gevolgtrekking gekom dat dié buro met geheime organisasies verbind was en noue bande met die *Alldeutschen Verband* in Zürich gehandhaaf het. Greene het egter oor geen verdere besonderhede beskik nie en het slegs verwys na die berig van die konsul van 1 Februarie 1896 oor die anti-Britse stemming onder

53 F.O. 2/642, nr. 7 conf. (14.2.1902).

54 F.O. 2/511, nr. 39 conf. (24.6.1901).

55 F.O. 2/23, nr. 2 (4.10.1899

56 F.O. 192/151, nr. 15 (18.11.1899). Na bewering is 'n artikel oor die hongersnood in Indië deur die Duitse correspondent van die *Neuen Zürcher Zeitung* in Londen opgestel en in dié tydskrif gepubliseer (F.O. 100/337, nr. 22 (23.3.1901). Voorts is ook beweer dat dat die konsul van Duitsland, Portugal en Oostenryk 'n berig oor die Boerelaers in die *Journal de Genève* van 25 Aug. 1901 gepubliseer het. Van soortgelyke oorsprong is na bewering 'n berig in die *Journal de Genève* as gevolg waarvan 'n mediese dokter en twee verpleegsters verbied is om die Boerelaers te besoek (F.O. 2/511, Greene - Farnall (27.8.1901).

die Duitsers in Switserland en ’n deel van die Switserse bevolking. Angst, ’n inligtingbron van St. John, het die *Alldeutschen Verband* ’n groot deel van die skuld vir die anti-Britse gesindheid gegee.[57] Volgens die Britse gesante is allerlei berigte van Boerekant gefabriseer, wat dan neerslag in Switserse dagblaaie gevind het. Daar is eksplisiet verwys na ’n brief van ’n Nederlandse predikant uit Suid-Afrika waarin na beweerde Britse vergrype verwys is en wat op 28 Februarie 1901 in die *Gazette de Lausanne* verskyn het. Hy noem ook die voorbeeld van ’n berig deur ’n Boer oor die moord van ’n gewonde Boerekryger. Om die berig meer geloofwaardig te maak, is die slagoffer as ’n lid van die Rooikruis voorgestel.[58]

Die Britse gesante in Switserland was veral ontsteld oor pro-Boere berigte wat vanuit Britse anti-oorlogskringe afkomstig was. Veral die naam van die Britse joernalis William T. Stead, lid van die vredesparty in Brittanje, het in dié verband dikwels opgeduik. Die Britse gesante in Switserland was veral onthuts oor Stead se pamflette “The Truth About the War, Told in Plain Answers to Straight Questions” en “Hell Let Loose”. Ook het die gesante gal gebraak oor telegramme en briewe met oorlogsinligting en toesprake van politici vanuit Londen wat onbehoorlik verkort is sodat dit Brittanje in ’n swak lig gestel het. Die bronne daarvan kon Greene egter nie noem nie.[59]

Greene en sy voorgangers in Bern het ’n hele reeks voorbeelde aangevoer van verdraaiings deur die pro-Boere pers. In een geval, volgens hulle, het ’n Switserse koerant ’n gedeelte uit ’n Franse blad aangehaal waarin die woorde “Ultimatum des Boers” verander is na “Ultimatum aux Boers”.[60] Die *Times* van 9 Februarie 1901 het gemeld dat die aanbod van die gekleurde bevolking van die westelike distrikte van Suid-Afrika om die wapens vir Brittanje op te neem afgewys is, terwyl die *Bund* berig het dat die aanbod aanvaar is.[61] St. John se beriggewer, Naville, het beweerde gevalle van verdraaiing aan St. John oorgedra. Hy noem onder andere drie gevalle waar die *Daily Mail* sogenaamd aangehaal is, maar dat dit in werklikheid rapporterings van die betrokke koerant self was.[62] Na bewering is terugslae en nederlae van die

57 F.O. 2/511, nr. 39 conf. (24.6.1901). Op 28 Mrt. 1901 het St. John berig dat William Stead in München ’n *Zentrale für Bestrebung zur Beendigung des Burenkrigeges* (te Königstrasse 31) opgerig het. Dit is nie duidelik of dié *Zentrale* dieselfde instelling as die *Bureau de Direction* was nie.

58 F.O. 2/511, nr. 2 (10.1.1901), nr. 10 (17.2.1901), nr. 17 (1.3.1901).

59 Kyk F.O. 2/374, nr. 86 (11.12.1900); F.O. 2/511, Naville - St. John (15.2.1901, nr. 12 (23.2.1901), nr. 48 conf. (19.11.1901).

60 F.O. 2/511, nr. 3 (11.1.1901).

61 F.O. 2/511, nr. 3 (11.1.1901).

62 F.O. 2/511, nr. 4 (14.1.1901).

Boere dikwels verswyg of in oorwinnings verander. ŉ Voorbeeld daarvan was, so is gesê, dat die *Times* van 20 Junie 1901 soos volg gerapporteer het: "The Transvaal. Kimberley, June 18. Colonel Scott's railway guards engaged the enemy at Hartebeestepan, in the Western Transvaal, on the 15th inst. The engagement lasted five hours and resulted in the capture of a quantity of stock and two wagons with rifles and ammunition. Four Boers were taken prisoners." In die *Neuen Zürcher Zeitung* van 20 Junie 1901 is dié inligting soos volg verander: "Der südafrikanische Krieg. Kimberley, 19 Juni. (Englische Quelle.) Am 15. Juni kam es bei Haarten East in Westtransvaal zu einem fünfstündigem Gefecht. Die Buren erbeuteteten einige Vorräte und einige Wagen mit Flinten und Patronen und machten vier Gefangene."[63] As verdere voorbeeld van soortgelyke verdraaiings is inligting vervat in ŉ telegram genoem. Die sondebok was na bewering die J*ournal de Genève* van 29 Desember 1901. ŉ Britse gevegsgroep is in die nag by Tweefontein verras. Nadat die offisiere ŉ wapenstilstand versoek het, lui die berig in die Geneefse blad: "... i ly eut une panique chez les Anglais qui néanmoins se conduisirent de leur mieux". Lord Kitchener se berig oor dieselfde insident in die *Times* lui: "No panic, and all did best."[64]

Gedurende die ampstyd van Salisbury[65] is die berigte van Britse diplomatieke verteenwoordigers in Bern met groot belangstelling deur die Britse owerhede gelees. Berigte is ook dikwels aan die Britse koning voorgelê en besonder belangrike sake vir kennisname onder kabinetslede versprei. Die kommentaar van die Britse Foreign Office toon dat die anglofobiese gesindheid van die Switserse pers sterk betreur is. In ŉ telegram van 19 November 1901 verskyn byvoorbeeld die reeds genoemde koninklike misnoeë oor die betrokke persstandpunte.[66]

## *3.2 Die Britse reaksie op die Switserse pro-Boere gesindheid*

### *3.2.1 Die optrede van die Britse gesante en hul medewerkers in Switserland*

Die Foreign Office het geen poging aangewend om die anti-Britse kampanje te opponeer deur die oprigting van ŉ persburo soortgelyk aan die *Bureau de Direction* in München of deur die oprigting of finansiële ondersteuning van ŉ selfstandige Switserse koerant om dié oogmerk te bereik nie. Angst en St. John se voorstelle in dié verband het geen ondersteuning kon vind nie.

63 F.O. 2/511, Nr. 39 conf. (24.6.1901).

64 F.O. 2/642, nr. 1 conf. (4.1.1902).

65 Vanaf 1895 tot 1902 Premier en van Junie 1895 tot November 1900 Minister van Buitelandse Sake.

66 F.O. 2/511, nr. 48 conf. (19.11.1901).

Die bestryding van anti-Britse berigte is in die hande van die Britse gesante in Bern en hul ondersteuners en helpers gelaat. Nadat Salisbury in 1902 deur Balfour as Premier vervang is, het hy vir 'n tyd 'n merkbare gebrek aan belangstelling in berigte oor die anti-Britse standpunte van die Switserse pers gehandhaaf. Die kantopmerkings by 'n berig van 14 Februarie 1902 lui: "Some of the earlier despatches from Berne about the Anglophobia of the Swiss Press were circulated at Lord Salisbury's wish. But they have gone off in interest. H(enry) F(arnall). The European Press and especially the Swiss newspapers are against us and they must be left to provide for their readers the food that suits them. F(rancis) B(ertie). I agree: I have never believed that a propaganda on the opposite side would be of any avail. L(andsdowne)."[67] Dit is opvallend dat Bertie die Switserse pers as besonder anti-Brits bestempel. Die heftigheid van die aanvalle is goedskiks uit die "Burenbegeisterung" en die "Furor Helveticus" verklaar.

Die reaksie van die Britse pers – veral die chauvinistiese Engelse blaaie – was uiters heftig teen die anti-Britse houding van die Switserse pers gekant. Verskeie Britse blaaie het gepoog om deur aanvalle op Switserland Britse toerisme na Switserland te ontmoedig. Veral tydens die lente van 1900 en 1902 was sulke inisiatiewe opvallend in die Britse pers. In 'n artikel van 16 April 1900 plaas die *Financial News* 'n artikel met die opskrif: "Swiss violence for English visitors." In die artikel word onder andere beweer dat 'n reis na Switserland 'n uiters gevaarlike onderneming is en dat voorgenome besoekers uit Brittanje hulself gelukkig kan ag indien hulle veilig sou terugkeer. Die *Financial News* het veral Britse dames afgeraai om na Switserland te reis.[68]

Vanweë die Britse Foreign Office se standpunt om nie 'n persburo op te rig of 'n koerant te vestig om die anti-Britse beriggewing te beveg nie, was dié taak in die hande van die Britse konsuls en hul helpers in Bern. Angst, Boiceau en Naville, medewerkers van St. John, het hul dienste vrywillig en sonder vergoeding verrig. By die aanvang van die Anglo-Boereoorlog het Angst as leier van die defensiewe Britse propaganda-veldtog opgetree. Onvermoeid het hy artikels geskryf en alles in werking gestel om die Britse saak te stel. Kort na die aanvang van die oorlog tree hy met Robert Schwarzenbach in verbinding, wat, volgens St. John, vir die meeste uitvoere na Switserland verantwoordelik was. Schwartzenbach is deur die Britse konsul versoek om die Britse propaganda teen die grootste Zürichse dagblaaie te mobiliseer.

67 F.O. 2/642, nr. 7 conf. (14.2.1902).

68 Kyk brief van S. Copeland van 27.4.1900 aan die Bundesrat met die pleidooi om uitsluitsel oor die waarheid of valsheid van die artikel te gee. Die *Echo* van 24 Mei 1900 het berig dat pokke in Luzern uitgebreek het. St. John het daarna talle navrae uit Brittanje oor die beweerde epidemie ontvang (kyk F.O. 192/155 van 25.5.1900).

Schwartzenbach het 150 eksemplare van ’n pamflet deur Naville bestel en onderneem om dit aan sy vriende en vooraanstaande persone te stuur. In sy begeleidende brief het Schwartzenbach gewaarsku teen die skade wat die Switserse handel met Brittanje kon ly.[69]

Teen die einde Januarie 1900 tree, op versoek van Angst, ’n groep invloedryke industrialiste en ander bekende persone in Zürich met ’n “Offenen Brief an die Schweizer Presse” na vore. Daarin protesteer hulle teen die anti-Britse houding van die Switserse koerante, in besonder dié van die *Neuen Zürcher Zeitung*, en waarsku teen die nadelige effek op Switserse uitvoere.[70]

Die effek van die “Offenen Brief” was vir die ondertekenaars daarvan uiters negatief. Die publiek het met skerp en venynige aanvalle gereageer. Die *Neuen Zürcher Zeitung* het in sy uitgawe van 6 Februarie 1900 leedvermakerig berig dat die groot getal lesersbriewe teen die “Offenen Brief” uit alle stande en klasse van die bevolking duidelik bewys het dat die *Neuen Züricher Zeitung* die sentiment en oortuiging van die meerderheid van die lesers vertolk het.

Mettertyd tree St. John se ondersteuners sowel as ander geesgenote toe in reaksie teen die Switserse koerante. Angst, Boiceau en Naville werk vrywilliglik en kosteloos ter ondersteuning van die Britse saak.[71] Een van die nuwe medewerkers ter ondersteuning van die Britse saak, was A.F. Ammann-Volkart, direkteur van die firma Volkart & Co. in Wintherthur, met filiale in Londen, Kalkutta en Bombaai. Ammann reageer teen ’n artikel wat die Londense korrespondent van die *Neuen Züricher Zeitung* oor beweerde kunsmatige hongersnood wat Brittanje in Indië veroorsaak het. Ammann publiseer ’n reeks artikels met die titel “Britisch Indien und seine Regierung” in die *Züricher Post*. Die inligting vir sy artikels het hy van die Foreign Office via Angst ontvang.[72]

Vanweë die bekommernis oor die moontlike afname van Britse toerisme na Switserland het die Schweizerischen Hotelierverband die kant van Brittanje gekies. Hulle het gepoog om die anti-Britse toon van verskeie Switserse koerante met dreigemente van vergeldingsmaatreëls te demp.[73]

---

69 F.O. 192/151, nr. 4 (17.10.1899).

70 F.O. 2/374, nr. 10 (26.1.1900, nr. 11 (30.1.1900). Die brief (in die vorm van ’n manifes) is deur Konrad Fusser (1838-1908), ’n geestelike in Zürich en professor aldaar, opgestel.

71 Die enigste rekening was vir ’n bedrag van 20 Frank vir regsdienste gelewer weens besware teen skerp artikels deur die *Neuen Zürcher Zeitung* (F.O. 2/512, nr. 20 (1.8.1901).

72 Kyk F.O. 100/350, nr. 36 (30.4.1900); F.O. 100/353, nr. 1 (7.5.1900); F.O. 100/350, nr. 13 (8.5.1900);, nr. 55 (23.6.1900, nr. 65 (18.7.1900, nr. 28 (29.8.1900).

73 Vgl. F.O. 2/374, nr. 58 (18.4.1900), nr. 59 (24.4.1900).

### *3.2.2 Ondersteuning deur besoekers aan die Boererrepublieke*

Artikels deur militêre kenners en betrokkenes by die oorlog in Suid-Afrika het soms vir die anglofiliste soos manna uit die hemel gekom. Dr. König en dr. Montmollin, twee lede van die Switserse Rooikruis by die Boere, het na hul terugkeer ’n reeks artikels gepubliseer waarin hulle onsimpatiek teen die Boere gereageer het.[74] ’n Artikel deur luitenant Alexis Pasch wat aan Boerekant geveg het, was eweneens negatief teenoor die Boeresaak. Pasch se artikel het die Britse Foreign Office dermate begeester dat Sanderson voorgestel het dat die *Times* se aandag daarop gevestig behoort te word.[75] Ten spyte van hul onvermoeide werk kon die ondersteuners van St. John, Greene en die Britse belange nie daarin slaag om die toon van die Switserse pers te verander nie.

Die pro-Boerestandpunt was verreweg die sterkste in die Switserse pers tydens die oorlog. Dit is byvoorbeeld opvallend dat geen enkele groot Duits-Switserse dagblad vir Brittanje kant gekies het nie. Die Duitse pro-Britse simpatie is slegs waarneembaar in die briewekolomme en dan veral in dié van die liberale pers. Sowel die konserwatiewe Katolieke pers soos gemanifesteer in die sentrale gebied[76] as die koerante van die sosiaal-demokrate vertoon geen pro-Britse mening nie; indien wel, is dit byna onopvallend. Die twee strominge verskil egter heelwat van mekaar ten opsigte van die redes vir hierdie pro-Boere houding.

Die twee Luzernse dagblaaie *Vaterland* en *Tagblatt*[77] was aanvanklik die mondstuk van die konserwatiewe Katolieke in die sentrale gebied van Switserland. Later het die *Luzerner Tages-Anzeiger bygekom*.[78] Talle ander sentraal-Switserse koerante het hulle steeds besig gehou met beriggewing oor slegs plaaslike of suiwer kantonnale gebeure. Dit is ook belangrik om die *Midwaldner Volksblatt* en die *Schweizer Zeitung* by bogenoemde drie koerante te voeg, aangesien hierdie koerante buitengewone aandag aan die stryd in die twee Boererepublieke bestee het. Van hierdie vyf koerante

74 F.O. 2/374, nr. 74 (4.8.1900); *Berner Tageblatt*, 2.8.1900 en *Journal de Genève*, 17.8.1900.

75 F.O. 2/511, nr. 35 (3.6.1901); *Tribune de Lausanne*, 31.5.1900; *Gazette de Lausanne*, 1.6.1900 en 10, 12.6.1901.

76 Die kanton Luzern moet hier gesien word as die fokusgebied.

77 Die *Vaterland* het die eerste keer op 12.9.1833 as *Luzerner Zeitung* verskyn. In 1872 is die naam verander soos wat dit tydens die oorlog was. Die koerant was aanvanklik Katoliek maar verteenwoordig later die konserwatiewe Christelik-sosiale standpunt (vgl. Dovifat, *Handbuch der Auslandpresse*, p. 240). Die *Tagblatt* se volledige naam was die *Luzerner Tagblatt* en het in 1852 die eerste keer verskyn.

78 Die *Luzerner Tages Anzeiger* het op 21.10.1897 verskyn maar is vanaf 2.1.1918 beter bekend onder die naam *Luzerner Nachrichten*.

was dit veral die weekblad, *Midwalder Volksblatt*, wat geen geheim gemaak het van sy gevoel vir die Boeresaak nie. Tewens, die benaming "Boer" was voldoende om simpatie en 'n gevoel van verwantskap by sy lesers op te wek. Hierdie simpatie het in die hartland 'n besondere intimiteit gehad omdat hierdie gebied 'n soortgelyke historiese ervaring as die Boere in die Boererepublieke gehad het.[79]

## 4. Slot

As gevolg van die mislukte Jameson-inval het 'n sterk anti-Britse propagandadrif in 1896 in die Switserse pers posgevat. Daarna het nuusmedia, met uitsondering van die *Neuen Zürcher Zeitung*, met toenemende vriendelikheid oor Brittanje begin skryf. Met die toenemende spanning tussen die Z.A.R. en Brittanje, het daar weer anti-Britse artikels in die Switserse koerante begin verskyn, wat toegeneem het na mate die spanning tot 'n punt gedryf is. In hierdie verband het veral die *Journal de Genève*, die *Gazette de Lausanne*, en die *Basler Nachricten* 'n belangrike rol gespeel. Teen September 1899 was dit duidelik dat daar 'n nuwe anti-Britse golf ontwikkel het[80], wat na die uitbreek van die oorlog met volle geweld op Brittanje losgelaat is. Die anti-Britse pers het daarby die stemming van die meerderheid van die Switsers vertolk en het dus besliste aansluiting by die siening van die leserspubliek gevind. Dit is dus geen wonder dat die Switserse pers by die Britse gesant in Bern, wat daagliks oor die houding van die pers en bevolking van Switserland aan sy regering gerapporteer het, in 'n swak lig was.

Die persveldtog wat deur die meeste van die Switserse koerante en tydskrifte van stapel gestuur is, het beantwoord aan die kriteria vir propaganda wat Maletzke ontwikkel het: "Propaganda soll stehen für geplante Versuche, durch Kommunikation die Meinungen, Attitüden, Verhaltenswesen von Zielgruppem under politischer Zielsetzung zu beeinflussen."[81] Met die oogmerk om in te lig oor wat in Suid-Afrika gebeur, om steun te werf vir 'n eksplisiete anti-imperialistiese standpunt deur op die vryheidsideale van die

79 Hiermee word bedoel die Oostenryks-Hongaarse oorheersing van die gebied wat 'n lang en moeisame stryd om bevryding tot gevolg gehad het. Die uiteindelike bevryding het gelei tot die verbond van 1291 waardeur die gebiede (oftewel gemeentes) in sentraal-Switserland bymekaar gebring is. Hierdie stryd het tot die ontstaan van die mites oor die held Wilhelm Tell gelei – 'n persoon met wie die Boeregeneraal Christiaan De Wet geïdentifiseer is.

80 Vgl. *Journal de Genève* (8.10.1899).

81 Maletzke, "Propaganda: eine begriffskritische Analyse", *Publizistik*, p. 157.

Boere te appelleer, rasionele argumente teen Britse aggressie aan te voer en die nodige bewyse van onhumanitêre Britse optrede aan te bied, sowel as om ŉ emosionele beroep op afwysing van Brittanje se oorlogspoging te doen, het die Switserse pers meegewerk om ŉ sterk anti-positivistiese inslag in die internasionale politieke en regsverkeer te vestig. Die uitvloeisel van dié nuwe regverdigheidsbewussyn in die internasionale orde was ŉ ontluikende humanitêre gees. Die inslag van die Switserse beriggewing was eerder anti-imperialisties as wat dit pro-Boer gesind was. In dié verband het die Switserse pers aangesluit by die anti-Britse gesindheid in ander Europese lande om die gewaande gemeenskaplike Europese vyand – synde Britse imperiale oogmerke – te beveg. Dié standpunt word in die *Burenfreund*, van Julie 1902 soos volg verwoord: “Die Schweiz is allzeit ein Hort der Freiheit gewesen. Die Geschichte und Erziehung dieses Volkes würde es ganz unverständlich erschienen lassen wenn man dort nicht mit Hertz und Seele an der Sache der Buren Anteil nähme. Selbst die Frauen haben sich energisch an der Agitation beteiligt und ihren Schwestern einen offenen Weinachtsbrief mit fast 60, 000 handschriften übersandt.”[82]

In die *Bürgerische Freitagszeitung* is die anti-Britse sentiment selfs sterker verwoord: “Dennoch läszt ihr Schiksal uns keine Ruhe und immer wieder taucht vor uns die Frage auf: können wir denn wirklich gar nichts tun und sind wir durch unsre Kleinheit und Neutralität dazu verurteilt, wortlos zuzusehen, wie ein freiheitsliebendes Christenvolk planmäszig ausgerottet und von der Erde vertilgt wird? Dürfen wir es ohne Einsprache geschehen lassen, dasz in diesem Krieg die Grundsätze der Genfer Konvention vom Roten Kreuz fortwährend verletzt und alle Regeln des Völkerrechts geschont, die wehrlose Zivilbevölkerung, Frauen und Kinder, des Abdachs beraubt und allen Schreken des Krieges presigegeben wird, dasz ohne jede strategische Notwendigkeit, sondern blosz als ‘Polizeimaszregel’ und ‘Abschrekungsmittel’ die friedlichen Heimstatten niedergebrannt werden – *bisjetzt schon über 5000* – oder ist es nicht vielmehr unsere heilige *Plicht*, in Namen der Humanität, im namen des Völkerrechts und auf die möglichen Konsequennzen solcher unbestandeten Rechtsverletzungen sogar für uns selbst, vor der ganzen Welt lauten und einmütigen *Protest* zu erheben gegen diese Art Kriegsführung in Südafrika?”[83]

82 *Der Burenfreund*, nr. 24, (Julie 1902), p. 483.

83 *Bürgerische Freitagszeitung*, nr. 1 (4.1.1901), hoofberig op p. 1.

Alhoewel Switserland polities en juridies neutraal gestaan het, het die Switserse pers 'n beduidende rol gespeel in 'n groterwordende beweging ten gunste van humanisering van die internasionale geskille en deur 'n eksplisiete gees van anti-imperialisme op te wek.[84]

## Bibliografie

### *Gepubliseerde werke*

BONJOUR, E. 1970. *Geschichte der Schweizerishen Neutralität*. Basel: Helbing und Lichtenhahn.

BÜRGIN, K. 1939. *Statistische Untersuchungen über dass schweizerische Zeitungswesen, 1896-1930*. Gepubliseerde D. Phil-proefskrif. Leipzig: Moltzen.

DOVIFAT, E. (Red.) 1960. *Handbuch der Auslandpresse*. Bonn: Athenäum-Verlag.

MALETZKE, G. 1972. Propaganda: eine begriffskritische Analyse. *Publizistik*, 17: 153-164.

RAATH, A.W.G. & STRYDOM, H.A. 1999. The Hague Conventions and the Anglo-Boer War. *South African Yearbook of International Law*, bd. 24: 149-165.

RAATH, A.W.G. 2005. Switserland en die beginsel van nie-inmenging in die internasionale reg tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902. Koers, 70(4): 601-630.

RAATH A.W.G. & DE FREITAS, S. 2006. Internasionaalregtelike Perspektiewe op die Switserse Neutraliteitspraktyk en Ondersteuning van die Boererepublieke tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902. Deel 1: Historiese Grondslae van die Switserse Neutraliteitspraktyk. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 42(1&2): 103-128.

84 Kyk ook Raath, "Switserland en die beginsel van nie-inmenging in die internasionale reg tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", *Koers*, 70(4) 2005, pp. 601-630; Raath & De Freitas "Internasionaalregtelike Perspektiewe op die Switserse Neutraliteitspraktyk en Ondersteuning van die Boerepublieke tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902. Deel 1: Historiese Grondslae van die Switserse Neutraliteitspraktyk", *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 2006 (1ste en 2de Kwartaal), pp. 103-128; "Internasionaalregtelike Perspektiewe op die Switserse Neutraliteitspraktyk. Deel 2: Switserse Ondersteuning van die Boererepublieke Tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 2006 (1ste & 2de Kwartaal), p. 150.

RAATH, A.W.G. 2006. Internasionaalregtelike Perspektiewe op die Switserse Neutraliteitspraktyk. Deel 2: Switserse Ondersteuning van die Boererepublieke Tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 42(1&2): 131-150.

RAATH, A.W.G. 2006. Internasionaalregtelike Perspektiewe op Switserland se Betrekkinge met Brittanje, die Z.A.R. en die O.V.S. in die Aanloop tot die Anglo-Boereoorlog: 'n Politieke Dilemma. Tydskrif vir Christelike Wetenskap, 42(3): 57-83.

TALLICHET, E. & ST. JOHN B. 1900. *Europe and the Transvaal War*. (Uitgewer onbekend).

UHL, O. 1961. *Die diplomatisch-politischen Beziehung zwischen Grossbritannien und der Schweizin den Jahrzehnten vor dem Ersten Weltkrieg (1890-1914)*. Basel: Helbing und Lichtenhahn.

WEBER, C. 1948. *Profil der Schweizer Presse*. Bern: Lang Verlag.

### Koerante

*Anzeiger für das Limmathal*, nr. 118 (1899).
*Basler Nachrichten aus der Schweiz und für die Schweiz mit Finanz- und Handelsblatt*, 1.4.1845.
*Basler Nachrichten*, nr. 269 (1899); nr. 271 (1899).
*Berner Tageblatt*, 2.8.1900.
*Berner Tagwacht*, 2.1.1901.
*Vaterland*, nr. 234, 12.10.1899.
*Der Burenfreund*, nr. 24 (Julie 1902).
*Der Bund*, nr. 7 (1900); nr. 263/11 (1899).
*Ebenda*, nr. 39 (30.9.1899)
*Echo*, 24.5.1900.
*Gazette de Lausanne*, 1.6.1900, 10.6.1900, 12.6.1900.
*Journal de Genève*, 8.10.1899, 17.8.1900, 25.8.1901.
*Luzerner Nachrichten*, 2.1.1918.
*Luzerner Zeitung*, 12.9.1833.
*Luzerner Tages Anzeiger*, 21.10.1897.
*Midwaldner Volksblatt*, nr. 44, 4.9.1899; nr. 228, 8.10.1899; nr. 39, 30.9.1899.
*Neue Zürcher Zeitung*, nr. 256 (1899); nr. 264 (oggenduitgawe (1899)); nr. 336 (Bylaag 1899); nr. 28 (1900).
*Schwyzer Zeitung*, nr. 80, 7.10.1899.
*Tagblatt der Stadt St. Gallen*, nr. 240/11 (1899).
*Tribune de Lauzanne*, 31.5.1900.

### *Vlugskrifte*

Tallichet, M.M. S.a. *Europe and the Transvaal*. (Geen uitgewer vermeld).

### *Regeringspublikasies*

*Der Schweizerische Strafgesetzbuch*, 1.12.1942.

### *Ongepubliseerde bronne*

Argivale bronne

Public Records Office (The National Archives)

*Burenkrieg*, 2001/283, brief Bourcart – le President, 2.11.1899.

Korrespondensie van die Britse gesantskap in Bern: (Switserland) F.O. 100/300-388 (1890-1905).

Argief van die Britse gesantskap in Bern: (Switserland) F.O. 192/123-180 (1890-1908).

Dokumente met betrekking tot die Anglo-Boereoorlog: (Afrika. Switserland): F.O. 2/23, 373, 374, 375, 511, 512, 642, 680, 688 (1899-1902).